**Saterdag 15 September**

| **Skrifgedeelte: Rigters 9:22-57** | **Fokusgedeelte: Rigters 9:56, 57** |
|---|---|

# Onreg en moord word deur God gestraf

Opstand, onreg, geweld en moord is aan die orde van die dag. Dit gaan egter nie onge-merk by God verby nie. So laat Hy Abimelek se magsug en moord nie ongestraf nie.

Hy laat toe dat Abimelek sy 69 broers met die hulp van die Sigemiete vermoor. Hy het ’n bose gees tussen Abimelek en die Sigemiete gestuur, sodat die onreg en moord teen Gideon se seuns sou uitkom. Hy wou hulle dood wreek.

Jotam se profesie dat Abimelek se moord op sy broers tot sy ondergang sou lei, word bewaarheid toe die verraad en opstand van Sigem teen hom draai.

As egter Sigemiet het Gaäl die selfgerigte half-Israeliet (doringbos-koning) verag. Ná sy oproep tot rebellie word hy egter deur Abimelek verdryf en Sigem word vir hulle troueloos-heid gestraf. Só word Jotam se voorspelling oor Sigem in die aanval op die toring bewaar-heid.

Abimelek moes na alle kante veg om sy selfaangestelde posisie te behou. Toe hy in sy woede die mense van Tebes wou straf, word hy tot sy eie skande deur ’n vrou gestraf. Met ’n meulsteen het sy van die toring af sy kop verbrysel. Al het sy wapendraer hom doodgemaak, het sy smaad hom bygebly (2 Sam. 11:21). Ironies dat hy sy 69 broers op een klip laat doodmaak en sy kop deur ’n klip verbrysel word.

Jy val self in die gat wat jy vir ’n ander grou. God rig ons deur Christus. Wees getroos. Met sy wederkoms sal Christus regverdig alle onreg, geweld en moord oordeel.

*Sing: Psalm 68-1:1, 3, 9*

*Ds. WP (Willem) van der Merwe (Emeritus)*